

NG Kerk besluit Oktober 2015

Selfdegeslagverhoudings

1. Die algemene sinode herbevestig die gelykwaardigheid van alle mense ongeag seksuele oriëntasie en verbind haarself tot die handhawing van die menswaardigheid van alle mense.
2. Die algemene sinode verklaar dat hetero- en homoseksuele persone wat in 'n verhouding van persoonlike geloofsgehoorsaamheid aan die Here leef, ten volle kan deelneem aan al die voorregte van die kerk as verbondsgemeenskap.
3. Die algemene sinode herbevestig die besluite oor die huwelik van 2004, 2007 en 2013 dat slegs die verbintenis van een man en een vrou as 'n huwelik beskou word.
4. Die algemene sinode besluit om in die lig van 2.1 hierbo erkenning te gee aan die status van burgerlike verbintnisse van persone van dieselfde geslag wat gekenmerk word deur liefde en trou - en maak voorsiening dat hierdie verbintnisse deur predikante wat hulle weg oopsien, bevestig kan word.
5. Dieselfde Christelik-etiese standaard (leer en lewe) geld vir die legitimasie en ordening van alle persone. Punt 7 van die besluit van 2007 verval.
6. Die algemene sinode erken die diversiteit van beskouinge oor selfdegeslag-verbintnisse binne die NG Kerk en bevestig die reg van kerkrade om hieroor hulle eie standpunte en praktyke te formuleer en te reël.
7. Die algemene sinode bevestig die diskresie van kerkrade om die verskille oor homoseksualiteit in gemeentes te hanteer en versoek hulle om dit in 'n gees van Christelike liefde te doen.
8. Die algemene sinode bied hierdie besluite oor selfdegeslagverhoudings aan met nederigheid na 'n ernstige soektog en as die beste toepassing van die boodskap van die Bybel soos ons dit tans verstaan. Die Algemene Sinode versoek lidmate, gemeentes en kerkvergaderings om weereens op 'n selfstandige soekproses na die toepassing van die boodskap van die Bybel hieroor te gaan. In die soektog kan studiestukke van die algemene sinode van 2007, 2011, 2013 en 2015 ernstig gelees word. In lyn met NGB art 2 behoort besondere en algemene openbaring gebruik te word, d.w.s. die beste huidige menswetenskaplike bevindings.
9. Die algemene sinode besluit om 'n Christelik- Bybels-etiese model oor die seksualiteit vir alle mense te ontwikkel om gemeentes te begelei in die lig van voorafgaande besluite. Hierdie saak word ook verwys na die Projekspan vir Leer en Aktuele Sake, wat reeds 'n soortgelyke opdrag op A.p172 punt 7.4 ontvang het.
10. Die algemene sinode besluit om 'n bevatlike oorsig van die NG Kerk se reis met homoseksualiteit saam te stel en te versprei om gemeentelidmate te bemagtig in die begeleiding van gemeentes oor hierdie saak.

Die Algemene Sinode het verder besluit:

1. Vanuit ons verbintenis tot die waardes van die Seisoen van Menswaardigheid sê ons as Algemene Sinode opreg jammer vir mense wat seergekry het en wie se waardigheid aangetas is weens enige homofobiese taal, gedrag of gesindheid van die kant van die kerk, ook tydens hierdie vergadering.
2. Die Algemene Sinode weerhou haarself voortaan van enige homofobiese taal, gedrag en gesindheid juis vanweë ons verbintenis aan die Seisoen van Menswaardigheid, en ook vanuit 'n diepe oortuiging van die diskriminerende aard van sodanige taal, gedrag en gesindheid as gevolg daarvan.

Die Algemene Sinode het verder besluit:

1. Die Algemene Sinode dra dit aan die Algemene Steunspan Regte op om die kerkregtelike- en regsimplikasies van enige besluit(e) insake selfdegeslagverhoudings te ondersoek met verslag en aanbeveling aan die Algemene Sinodale Moderamen.
2. Die Algemene Sinode neem kennis dat volgens die Civil Union Act (Wet 17 van 2006) vereis word dat denominasies skriftelik by die Minister moet aansoek doen om toestemming te verkry om selfdegeslagverbintenisse te voltrek (vergelyk Klousule 5 wat soos volg lees: Designation of ministers of religion and other persons attached to religious denomination or organisation as marriage officers: (1) Any religious denomination or organisation may apply in writing to the Minister to be designated as a religious organisation that may solemnise marriages in terms of this Act).

Die Algemene Sinode het verder besluit:

1. Die Sinode van Namibië versoek die Algemene Sinode om kennis te neem dat pt 4 in die goedgekeurde voorstel wat soos volg lees "erkenning te gee aan die status van burgerlike verbintenisse van persone van dieselfde geslag", in stryd is met die landswette van Namibië.
2. Die Algemene Sinode keur goed dat hierdie besluit oor selfdegeslagverhoudinge nie van toepassing is op die Sinode van Namibië nie.

Gereformeerde Kerke besluit (Acta 2003:751)

Die Gereformeerde Kerke neem sterk standpunt in teen alle vorme van buite-egtelike en homoseksuele omgang. God se Woord wys die monogame huwelik tussen 'n man en 'n vrou aan as die grense waarbinne die Godgegewe seksualiteit beoefen moet word. Gelowiges en alle mense word daartoe opgeroep om almal binne die kerk en samelewing met liefde en bewoënheid, deur woord en voorbeeld, op te roep tot 'n heilige en God-erende uitlewing van die seksuele lewe.

In Jesus Christus is daar (soos met enige ander sonde) verlossing vir persone wat buite-egtelike en homoseksuele praktyke beoefen het. Deur die krag van God se Heilige Gees kom daar berou en is 'n heilige lewe moontlik. Persone met homoseksuele neigings moet soos alle ander mense met die nodige pastorale bewoënheid hanteer en toegerus word om ook ten opsigte van hulle seksuele lewens getrou aan God se Woord te lewe.

Mosie van Klassis Pretoria-Moot, Oktober 2015

Die Gereformeerde Kerke in Klassis Pretoria-Moot neem met leedwese, skok en afkeur kennis van die onlangse besluite van die Sinode van die NG Kerk, wat homoseksualiteit aanvaar en goedkeur in so mate dat mense wat 'n openlike homoseksuele leefwyse beoefen, selfs as predikante toegelaat word en dat verbintenisse tussen sulke mense kerklik bevestig mag word.

Die Bybel wys homoseksualisme onvoorwaardelik af, soos duidelik onder meer uit Romeine 1:26 en 27.

Die besluit van die NG Kerk word diep betreur en noodsaak herbesinning van die ooreenkoms met die NG Kerk soos goedgekeur op die laaste algemene sinode van Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika.

Ons as Gereformeerde Kerke se ekumeniese verhouding met die NG Kerk het verlede week 'n praktiese werklikheid in ons lewens geword met die NG Kerk Sinode se pro-homoseksualisme besluit.

Na aanleiding van hierdie besluit van die NG Kerk spreek hierdie vergadering van Gereformeerde Kerke in Pretoria-Moot sy kommer uit oor ons ekumeniese verhouding met die NG Kerk, asook ons hartseer oor genoemde besluit se liefdelose veragting van die HERE, sy Woord, en ons naaste.

Dit doen ons terwyl ons harte uitgaan na ons broeders en susters in die NG Kerk wat die geestelike aanslag en dwingelandy van afvallige kerkstrukture baie erg beleef.

Hierdie vergadering se bede is dat die HERE al sy ware gelowige kinders in die NG Kerk en ook in die Gereformeerde Kerke deur sy Gees sal vul en lei (Ef. 5:19; Rom. 8:13-14; Gal. 5:16) om hulself te verloën en sy Naam en waarheid teenoor die NG Kerk se pro-homoseksualisme besluit te bely, en haar oor haar ewels te bestraf (Mark. 8:34-38; HK Sondag 12 v/a 32).